# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 26 November 2023

**09:30 OGGENDEREDIENS:**
**Ds. Piet Venter**

Die doop word vanmore bedien aan Christian du Plessis, seuntjie van Jacque en Chantelle du Plessis. Baie welkom aan vriende en familie wat saam met ons getuies van God se verbondstrou is!

**Die prediking:**
Waaroor kla jou gewete jou aan? Voel jy alweer skuldig oor een of ander saak? Ons het as kinders van God 'n intieme verhouding met Hom en daarom ook 'n baie aktiewe gewete. Ons gewete herinner ons gedurig aan die dinge waarin ons nog nie die Here volkome of met oorgawe dien nie.

Wanneer Johannes dus die gelowiges aanmoedig om hulle liefde teenoor mekaar nie net met woorde en lippetaal te bewys nie maar met opregte dade van liefde, dan skop die gewete dadelik in. My gewete tree dadelik in gesprek met my en vra of ek hieraan voldoen?

Ons kan ook gevangenes van ons gewete word! Ek kan so vasgevang raak in my gewete en al die dinge waarin ek as gelowige "misluk", dat ek naderhand aan my kindskap van God kan begin twyfel! Ek bou soveel skuldgevoelens op dat dit tussen my en my Vader kom staan. Die Satan sal my skuldige gewete ook misbruik om my in sonde vasgevang te hou.

Daarom kom leer die Here ons vanmore: moenie jou kindskap meet aan jou gewete nie! Meet dit aan wat God sê en doen! Hy is groter as ons gewete en deur die redding van Jesus Christus, moet ek my gewete tot rus bring. 'n Goeie gewete het tot gevolg dat my verhouding met God verdiep, dat my gebedslewe groei en dat ek met die krag van die Heilige Gees kan doen wat God van my vra.

**Tema: Bring jou gewete tot rus in God, wat alles weet.**

**Lofsang met die oog op die erediens**
Lied 514: 1, 2; Sb. 2 - 2: 1, 2

**Ontmoetingsdiens**
Intreelied Sb. 5 - 4: 1, 5, 6; Votum; Seën; Loflied Sb. 2 - 4: 1, 3; Geloofsbelydenis: Sing Sb. 12 - 3: 1, 2

**Verootmoedigingsdiens**
Wetlesing: Rom. 13: 8 - 14; Sing Ps. 73- 1: 9, 10; Gebed

**Sakramentbediening**
Doopformulier; Doop; Sing na die doop
Ps. 105 - 1: 5; Gebed

**Woorddiens**
Skriflesing: 1 Johannes 3: 18 - 24; Woordbediening

**Antwoorddiens**
Gebed; Liefdegawes; Sing Sb. 17 - 2: 1, 5, 6, 7, 8; Seën; Amenlied Sb13 - 2.

**18:00 GESAMENTLIKE KERSSANGDIENS: GK POTCH DIE BULT**

## MEELEWING

- Dawie van Zyl is met pankreasontsteking gediagnoseer en in die hospitaal opgeneem vir behandeling.
- Johan du Plessis het Donderdag brachie-terapie vir kanker ondergaan en Hannatjie het begin met voorbereiding vir bestraling vir haar kanker.
- Ds Koos Mouton het Vrydag ‘n dialisepoort in sy nek gekry en het gister met dialise begin.
- Andries du Plessis se wond aan sy wang het vog opgebou en dit moes Woensdag in Pretoria afgetrek word.
- Marthie Schutte van Jan is in die hospitaal opgeneem vir behandeling.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Annetjie Vermeulen, Mariana du Plessis, Rita Schutte, Hannatjie du Plessis en Andries du Plessis.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Koeldrank onder die tent

18:00 Gesamentlike Kerssangdiens by GK Potch Die Bult

**Maandag tot Saterdag**
Kersmark

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Bystandsfonds Diakonie KO (Groot boks) en ons eie Diakonie (klein boks) Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir Ekumenisiteit: London.

- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 4 en 5.

## VERJAARSDAE



Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 26 November**
Br Walter Plotz

**Dinsdag, 28 November**
Br Danie de Waal
Br Andries du Plessis*
Br Pierre Volschenk

**Woensdag, 29 November**
Br Johannes v As
Br Jan v Jaarsveld

**Donderdag, 30 November**
Br Bertie Basson
Sr Marike Grobler
Sr Marthie Kruger *

**Vrydag, 1 Desember**
Sr Salome Jonker *
Br Pottie Potgieter *
Sr Erika Rood
Br Riaan vd Walt

**Saterdag, 2 Desember**
Br Ryan Bezuidenhout
Br Cody Clements
Sr Kotie Heystek

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## KERSBEDERF-BOKSE

Baie dankie vir almal se positiewe reaksie en bereidwilligheid om te help met "Bederf-bokse".

Die bokse moet asb nie later as 3 Desember 2023 by Anna Smith / Hestie J v Rensburg / Kerkkantoor ingehandig word.
Ons waardeer die ondersteuning van hierdie projek baie!
Susters-groete

Mooirivier Kersmark

**23 NOV - 2 DES**

Baie dankie vir almal se hulp en harde werk en ook voorbidding. Die Kersmark verloop goed en ons sit skouer aan die wiel tot Saterdag. Daar is nog gapings met hulp by die kassiere en in die kombuis - as iemand nog sy/haar weg oopsien om te kom help.

## GKSA-NUUS

### Beroepe ontvang

- Proponent FF (Frikkie) Deysel na GK Venterstad.
- Proponent WH (Willem) van Heerden na GK Ladysmith/Harrismith-kombinasie.
- Ds J (Hanno) van Schaik van GK Burgersdorp na GK Plettenbergbaai/ Knysna.

### Beroep aangeneem

Ds. Hardus Lee van GK Derdepoort na GK Pretoria-Alkantrant.

### Vyf proponente beroepbaar gestel

- Die Klassis Karoo-Kei met advies van die Deputate vanweë die Suidelike Streeksinode, het op 21 November 2023 vir broeders X.O. (Xolisa) Matrose en J.A. (Jandré) Coetsee kragtens KO, art. 4, geëksamineer en hulle beroepbaar gestel.
- Streeksinode Pretoria het op 21 November 2023 vir broeders F.F. (Frikkie) Deysel, C.J. (Christiaan) Swanepoel en W.H. (Willem) van Heerden kragtens KO, art. 4, geëksamineer en hulle beroepbaar gestel.

### Emeriterings

- Ds Braam van der Walt, predikant van GK Plettenbergbaai/Knysna, lewer op Sondag 3 Desember 2023 sy afskeidspreek. Ds Van der Walt emeriteer 31 Desember 2023.
- Ds Jan van der Walt van GK Otjiwarongo (Namibië), het op Sondag, 19 November 2023 sy afskeidspreek gelewer. Ds Jan en sy eggenote, Janette, verhuis na Potchefstroom na sy emeritering in Desember 2023.

## GEMEENTEKAMP




## BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!





# SUSTERS

ROM. 1:16 "EK SKAAM MY NIE OOR DIE EVANGELIE NIE, WANT DIT IS 'N KRAG VAN GOD TOT REDDING VAN ELKEEN WAT GLO."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID

Koeldrank word vandag na die oggenddiens onder die tent bedien.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Christelle Vorster en groep 2, Ria Robberts en groep 10, Marna Naude en groep 19, asook Lana Laufs en groep 28.

## BLIKKIES-WARMHARTE & SUSTERSBYDRAE

- Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.
- Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.



# Oosdoppertjie-Jeugbediening

### 1. Erediens Kinderblad

Ons kinders se deelname aan die erediens is belangrik. Ons dink aan die Here Jesus se uitnodiging: Laat die kindertjies na My toe kom! Die erediens is ‘n ontmoeting tussen God en sy volk en ons kinders is net soveel deel van hierdie ontmoeting as ons volwassenes.

Om egter vir ons kinders hierdie ontmoeting so sinvol as moontlik op hulle vlak van verstaan te maak, gee ons tydens die skoolkwartaal ‘n Kinderblad uit. Dit is voor die erediens in die voorportaal beskikbaar. Daar is ook inkleurpotlode en knipborde beskikbaar. Hierdie kinderblad bied aktiwiteite wat die kinders tydens elke element van die erediens kan voltooi. Ouers kan die kinders begelei oor hoe om dit te voltooi. Die hoop is dat die blaadjie ons kinders sal laat groei in hul geloof en verhouding met ons Here.

### 2. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug ’n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur ’n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening is welkom om Marlise te kontak.

Kontakpersoon: Marlise Styger (marlise.venter@gmail.com of 083 655 8145)

## ALGEMENE INLIGTING

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

### KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237

Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Ds. Daan Bakker - 082 829 8456

Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za

Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

### BANKBESONDERHEDE

| Geref. Kerk Potchefstroom-Oos | Diakonie | Susters |
|---|---|---|
| ABSA Bank | ABSA Bank | Capitec Bank |
| Tjekrek: 670 340 066 | Tjekrek: 670 280 160 | Spaarrek: 145 652 5695 |
| Takkode: 632-005 | Takkode: 632-005 | Takkode: 470-010 |